## 21.6 BESKRYWINGSPUNT VAN STREEKSINODE PRETORIA – BINDING AAN SINODEBESLUITE OOR VROUE IN BESONDERE DIENSTE (Art 36)

## 21.6 POINT OF DESCRIPTION OF REGIONAL SYNOD PRETORIA – BINDING TO SYNOD DECISIONS REGARDING WOMEN IN OFFICE (Art 36)

A. Dr GJ Meijer stel die Beskrywingspunt.
Dr GJ Meijer tables the Point of Description.

B. Terwyl dr WC Vergeer met sy spreekbeurt besig is, stel ds GD Oosthuizen op 'n punt van orde: *Dr WC Vergeer kan nie met sy bespreking voortgaan nie, aangesien hy besig is om die saak inhoudelik te bespreek.*
While Dr WC Vergeer has the word, Rev. GD Oosthuizen stands on a point of order: *Dr WC Vergeer cannot continue his discussion as he is in the process of discussing the substantive content of the matter.*

C. Die voorsitter, ds P Venter, reël dat dr WC Vergeer met sy spreekbeurt kan voortgaan.
The chairperson, Rev. P Venter, rules that Dr WC Vergeer can continue with his address.

D. Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.
The Point of Description is concluded while the Synod is in session.

E. **Besluit:** Daar word aan die Beskrywingspunt gevolg gegee.
**Decision:** The Point of Description is accepted.

F. **BESKRYWINGSPUNT / POINT OF DESCRIPTION**

<table>
<tr><td>Voorstel<br>Die Algemene Sinode wys Deputate aan om op grond van die Skrif, Belydenis en Kerkorde vas te stel wat gedoen moet word met kerke wat hulle nie hou aan die vas en bindende besluite wat verskeie Algemene Sinodes oor die vrou in die amp geneem het nie, deur voort te gaan om vroue as ouderlinge te bevestig.<br>Die Deputate lê hulle bevindinge en aanbevelings aan die volgende Algemene Sinode voor.<br><br>Motivering<br>1. Verskeie kerke in die kerkverband gaan in stryd met Sinodebesluite voort om vroue as ouderlinge te bevestig. Dié optrede lei onder meer tot:<br>• die indien van Beswaarskrifte en Appèlle op verskeie kerklike vergaderings;<br>• verlamming in die kerklike lewe, aangesien baie tyd en energie bestee moet word om die Beswaarskrifte en Appèlle ordelik te behandel en af te handel;<br>• spanning tussen kerke en kerklike vergaderings in die kerkverband, asook ampsdraers en lidmate onder mekaar;<br>• die ondergrawing/ondermyning van die</td><td>Proposal<br>The General Synod appoints Deputies to determine, on the basis of Scripture, Confession and Church Order, what must be done with churches that do not adhere to the fixed and binding decisions that various General Synods have made about women in office, by continuing to ordinate women as elders.<br>The Deputies present their findings and recommendations to the next General Synod.<br><br>Motivation<br>1. Several churches in the fellowship of churches continue to ordinate women as elders in violation of Synod decisions. This action leads, among other things, to:<br>• the submission of Petitions of protest and Appeals at various church assemblies;<br>• paralyzing life in the churches, as a lot of time and energy must be spent to deal with and settle the Petitions of Protest and Appeals in an orderly manner;<br>• tension between churches and church assemblies in the church context, as well as among office bearers and members;<br>• the undermining of the integrity of</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| integriteit van Sinodebesluite in die algemeen;<br>• aftakeling van onderlinge vertroue.<br>2. Omdat hierdie saak al die kerke in die kerkverband raak, is dit ooreenkomstig KO, art 30 noodsaaklik dat die kerke tesame in die Algemene Sinode hieroor klarigheid gee en uitspraak lewer. | synod decisions in general;<br>• breakdown of mutual trust.<br>2. Because this matter affects all the churches in the bond of churches, in accordance with CO, art 30 it is essential that the churches together in the General Synod give clarity on this and issue a verdict. |